// WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 · Julie 1996 · Vol. 18

# GEVAARLIKE WAARHEIDSMOMENTE

Christene kom onafwendbaar in kontak met die heidene se denkwêrelde. Dit was nog altyd so en sal seker tot die wederkoms toe voortduur. Dit is 'n baie belangrike vraag hoe met die denke van die heidene omgegaan word. Die ongelowiges se leefwyses het dikwels 'n groter invloed op die kerk as wat meermale toegegee word. Die akademie en veral die teologiese terrein is geensins by hierdie beïnvloeding uitgesluit nie. Om naïef te maak asof die heidense denke geen invloed op die kerk en teologie het nie, is om uiters onverantwoordelik te wees. Eerder moet daar deeglik kennis geneem word van alle strominge om bedag te wees op wat as Skriftuurlik gereken word, terwyl dit dalk net 'n heidense gedagte is met 'n "christelike vernissie" oor.

## Nie vrygespring

Ongelukkig het die gereformeerde teologie nie hierdie beïnvloeding vrygespring nie. Wat die saak egter vererger, is dat daar in die akademie gebruik gemaak word van die stelsel wat as "waarheidsmomente" bekend staan. Dit is waar ongereformeerde en onchristelike denkers se werk bestudeer word - ten regte - ter wille van wetenskaplikheid. Die ongelowige se werk word dan beoordeel en daar word gevra: wat van hierdie heidense denke dra 'n oomblik van waarheid, 'n waarheidsmoment in hom? Die heidense denker se werk word dan in twee gedeel; gewoonlik word die openlike onskriftuurlikhede uitgewys en verwerp en dan word daar 'n paar "waarheidsmomente" oorgehou wat dan bruikbaar is vir die gereformeerde teologie. Hierdie sogenaamde waarheidsmomente word in die eie unieke gereformeerde stelsel opgeneem en as gereformeerd verklaar.

## Vreemde vrugte

Die gevaar van hierdie waarheidsmomente is dat denke altyd wortels het - wortels wat weer uitloop en snaakse, vreemde vrugte dra. Mens kan nie 'n turksvy in 'n vyeboom inent en dink dit gaan vye voortbring nie.

## Beskuldiging

Daar kan dus 'n gewigtige beskuldiging teen die gereformeerde teologie ingebring word met betrekking tot "waarheidsmomente" wat as deel van die wetenskaplike arbeid gebruik word. Die beskuldiging is: Is die wetenskaplike produk wat die gereformeerde teologie só voortbring, terwyl daar van waarheidsmomente gebruik gemaak word, en as gereformeerd voorgehou word, werklike, eerlik suiwer gereformeerde denke? Of word turksvye as vye voorgehou? Vervolgens 'n paar voorbeelde om hierdie beskuldiging te staaf.

## Die nuwe grondwet

Hoe word die nuwe grondwet vanuit die gereformeerde teologie beoordeel? Die gereformeerde teologie het as vertrekpunt om alle dinge te meet aan die Woord van God. Die maatstaf is die Skrif. As daar egter met waarheidsmomente omgegaan word terwyl hierdie beoordeling plaasvind, word dikwels tot die gevolgtrekking gekom dat die nuwe grondwet grotendeels goed en aanvaarbaar is. Daar word gemeen dat dinge wat in die grondwet staan, ook dinge is wat in die Skrif staan. Dat daar waarheidsmomente is wat vir die Christene bruikbaar is. Sê die Bybel dan nie dat die mens se lewe hoog geag word nie, en is dit nie die waarheidsmoment van die grondwet nie - die reg op lewe?

### *In hierdie uitgawe:*


- ⋆ GEVAARLIKE WAARHEIDSMOMENTE
  A.L.A. Buys ........ 1
- ⋆ Skrifoordenking:
  DIE JOOD IN DIE POORT
  Dr. D.G. Breed ........ 2
- ⋆ DIE VRUGTE VAN MENSEREGTE
  S.J.M.S. Smit ........ 4
- ⋆ DIE OORDEEL VAN GOD
  Ds. C.F. Heiberg ........ 6
- ⋆ DIE POST-MODERNE RAAMWERK
  Kommentaar deur A.L.A. Buys ........ 8
- ⋆ Boekresensie:
  SOEKLIG: Fokus op 2 Petrus ........ 11

## Relasionele waarheid

Hoe lank word nie nou al gepoog om êrens in die onskriftuurlike relasionele waarheidsteorie 'n sogenaamde bruikbare waarheidsmoment te vind nie? Die poging skep egter net verwarring oor wat werklik gereformeerd is en wat nie.

## Mensbeskouing

'n Vierde, uiters belangrike voorbeeld is mensbeskouing. Die gereformeerde teologie bely dat die mens na die beeld van God geskape is (Gen 1:26-27). Die menseregte-kultuur beweer dat die mens in homself 'n goddelike reg op waardigheid het. As hierdie "waarheidsmonent" in die gerefomeerde antropologie opgeneem word, is die gevolg dat die mens uiteindelik vergoddelik word. Alle mense word dan ongekwalifiseerd as beelddraers van God gesien. Maar is dit waar? Is dit gereformeerd? Is dit werklik wat ons bely in die belydenisskrifte (vgl. NGB 14-17, HK 2-4, DL 3 en 4).

## Onwetenskaplik

Waarheidmomente in die gereformeerde akademie is 'n onding. Dit is onwetenskaplik, omdat dit op die ou end iets wat wesenlik ongereformeerd is en iets wat stam uit onskriftuurlike denke, as wesenlik deel van die gereformeerde teologie wil verklaar. Maar turksvye is nie vye nie. Dit sal wetenskaplik eerliker wees om te erken waar die "waarheidsmomente" se invloede vandaan kom. En nog belangriker om die gevolge daarvan in te sien en daarvoor pa te staan.

## Verkeerde vraag

Waarheidsmomente vra: wat het die heiden raakgesien wat bruikbaar is? Dit is die verkeerde vraag. Wat gevra moet word, is: wat het die heiden raakgesien wat VERKEERD is? Dit wat die heiden verkeerd raakgesien het, moet dan Skriftuurlik ontologies reg benoem word.

So sal die grondwet werklik aan die eise van God se Woord onderwerp word en sal byvoorbeeld godsdiensgelykheid nie onwetenskaplik afgemaak word as die gereformeerde beginsel van godsdiensvryheid nie. So sal byvoorbeeld die menseregte se mensbeskouing as wesenlik onversoenbaar met die Skrif beskou word. So sal byvoorbeeld ook etiese vraagstukke ontologies aangespreek word (waar ook die uitverkiessing verdiskonteer moet word) met die bril van die Skrif, en nie met die egoïstiese donkerbrille van die heidene wat die agenda eensydig bepaal nie.

## Groot taak

'n Gelowige wetenskaplike het 'n baie groter werkopgaaf as sy ongelowige "eweknie". Ten eerste moet die gelowige wetenskaplike die denke uit die heidenwêreld goed ken, om te weet waarmee hulle verkeerdelik besig is. Ten tweede moet hy die geskiedenis van beide sy eie en die ongelowige se denkontwikkeling ken ten einde vroeëre beïnvloeding te ken en uit te skakel. Derdens moet die ganse skepping van God benoem word soos wat dit waarlik is.

## Ontologie

Vir hierdie benoeming kan en mag die werk van die heiden nie as plaasvervanger dien nie. Waarheidsmomente bring altyd basterkinders voort - kinders wat geensins erfgename van 'n wonderlike en waardevolle belydenis sal wees nie. Waarheidsmomente is 'n werktuig vir wetenskaplikes wat nie lus is om met inspanning ontologies te werk te gaan nie. Die dringende behoefte bestaan vir so 'n ontologiese besinning, nie alleen om van waarheidsmomente in die gereformeerde akademie ontslae te raak nie, maar ook om deurentyd die akademie tot God se eer te bedryf, iets wat hopelik alle gereformeerde wetenskaplikes nog in geneem het.

A.L.A. Buys

* * * * *

# DIE JOOD IN DIE POORT

## Dr. D.G. Breed

Ester 4:4: *"...en sy het klere gestuur om Mordegai dit aan te trek en om sy roukleed van hom weg te neem; maar hy het dit nie aangeneem nie."*

Hierdie Jood Mordegai het op verskeie mense 'n invloed. Ten eerste beïnvloed hy vir Ester, ten tweede vir Haman en derdens beïnvloed hy die volk van God.

## Kruin van die golf

Mordegai, die Jood, het vir Ester groot ontsteltenis veroorsaak. Haar oom se optrede het selfs by haar ontsteltenis gewek. Toe sy hoor dat hierdie oom van haar daar in die poort sit met rouklere aan, toe stuur sy vir hom ander klere. Mens kan haar irritasie verstaan: sy is op die kruin van die golf. Sy, wat 'n onbekende ou meisietjie was van 'n slawevolk, het gevorder tot in die paleis van die koning. Nou, hier op die kruin van die golf, wil sy krampagtig vashou aan hierdie posisie. Sy het so iets nie nou in haar lewe nodig nie. Sy probeer die aandag wat Mordegai trek, verbloem deur aan hom ander klere te stuur. Maar daarmee is Ester besig om haar verantwoordelikheid teenoor die verbondsvolk - maar ten diepste teenoor God - te ontduik.

## Verskonings

Hoe maklik ontduik ons nie ons verantwoordelikhede nie? Die Here gee, net soos aan Ester, aan elkeen van sy kinders verantwoordelikhede. Om verskillende

redes kom gelowiges dikwels nie hulle verantwoordelikhede na nie. Net om 'n paar voorbeelde te noem. Jy kan jou verantwoordelikheid ontduik:
★ as ouer deur die verskoning "ek is te besig", of "my eggenoot het 'n beter slag met die kinders as ek".
★ as huweliksmaat om die ander een te sien as 'n remskoen
★ om nie die evangelie uit te dra nie. Dis mos die ouderling en die predikant se verantwoordelikheid en buitendien het ek nie die vermoë nie.
★ as lidmaaat om die siekes, oues en eensames te besoek.

## Voor 'n keuse

Ester se ontduiking van haar verantwoordelikheid het 'n invloed op haar en haar familie. Die Joodse volk is in 'n bestaanskrisis en sy wil nie haar bydrae lewer om dit die hoof te bied nie. Maar Ester moes besef dat dit God se genade is wat die bron van haar ontsteltenis is. God keer vir Ester voor. Sy probeer om haar eie paadjie te loop. Maar Mordegai wil nie die nuwe klere aantrek nie. Die probleem wil nie weggaan nie. Sy word voor 'n keuse gestel. Deur die Heilige Gees word sy gelei om dieper te vra. Sy laat vra aan Mordegai wat aangaan en waarom hy so maak. Dan word sy weer voor 'n keuse gestel. Sy moet raaksien dat God voortwerk. En sy moet uitmaak of sy by God se plan inval, of nie. Mordegai is 'n gesant van God in Ester se lewe.

Só gebruik God ook in ons lewens gesante. In sy genade stuur God 'n Mordegai in ons lewe wanneer ons besig is om ons verantwoordelikhede te ontduik. Soos Ester word ons dan ook voor 'n keuse gestel. In die erediens, met terugslae in die lewe, met mense wat ons aanspreek, met verskeie sake word ons deur God op ons verantwoordelikheid gewys. God verwag dat ons biddend ons verantwoordelikhede nakom - as sy geroepenes.

## Invloed op Haman

Terwyl Mordegai rouklere aanhet, was daar baie vreugde in Haman se lewe. In Ester 5:10-12 staan hoe hy homself hoog geag het. Tog word hierdie vreugde deur die armsalige Jood in die poort verongeluk. Haman sê self dat al die eer hom niks baat solank as wat Mordegai in die poort sit nie. Haman se valse vreugde kon hom geen vergenoegdheid bring nie.

## Onvergenoegd

Daar is baie mense wat alle rede tot vreugde het maar ook steeds, soos Haman, onvergenoegd bly. Die kern van valse vreugde is eie eer. Dit is baie duidelik uit die geskiedenis van Haman. Die merktekens van valse vreugde is: dit duur net solank as wat my eie eer gestreel word. Dit is 'n onversadigbare gejaag na prestasie, en die vreugde is afhanklik van voorspoed. Valse vreugde staan in totale kontras met die vreugde wat die Heilige Gees gee. Wie valse vruegde najaag, bedroef die Heilige Gees.

## Klein wêreldjie

Haman is totaal opgeneem in sy eie klein wêreldjie. Hy is nie bewus dat daar 'n God is wat oor sy kinders waak nie. Hy word 'n teëstander van hierdie God toe hy Mordegai en die ander gelowiges wou laat doodmaak. Haman ken hierdie God nie en besef nie dat daar alleen by Hom ware vreugde te vind is nie. Hy besef nie dat waar die Heilige Gees 'n mens lei, ware vreugde nie deur gebeure of deur mense se optrede verongeluk kan word nie.

## Ware vreugde

Wie deur die Gees gelei word, vir hom is vreugde nie buite sy bereik nie. Dit is hierdie ware vreugde waarvan die Heilige Gees met hierdie hele boek Ester leer. Die Heilige Gees gee ons 'n breër perspektief as my ou klein wêreldjie. Deur die werking van die Heilige Gees begryp ons wat dit is om as verlostes God se versorgende liefde te ervaar. Die Gees leer ons hoe om só sinvol te lewe.

## Die volk se reaksie

Mordegai se optrede het nie net Ester en Haman geraak nie maar ook die hele Joodse volk. Die gelowiges daar in Babilonië is op wonderbaarlike wyse gered. God het die hele veldslag, die moord wat Haman beplan het, omgedraai. Die dag wat deur die "pur", dit is die lot, aangewys was as hulle sterfdag, is omgedraai. Dit word 'n dag waarop hulle teen hierdie vyande van God kon optree.

## Feesvier

God gee aan Mordegai opdrag dat hierdie dag wat deur die "pur" aangewys is, die dag waarop God hulle so wonderbaarlik gered het, herdenk moes word. In opdrag van God moes die verbondskinders hierdie dae feesvier. En dan lees ons in Ester 9:26-27 die Jode se reaksie hierop. Hulle het dit op hulle self geneem, hulleself onherroepelik daartoe verbind, vir hulle en hulle nageslag en almal wat met hulle een is.

## Op hulleself

Mordegai se optrede het 'n belangrike plek ingeneem in die Jode se belewing van verlossingsvreugde. Tog moes hulle dit op hulleself neem om die feesdae te herdenk. Die Heilige Gees maak die gelowige bewus van die plek wat uitwendige faktore inneem en lei die gelowige tot groter selfstandigheid. Hierdie mense toon 'n geloofsvolwassenheid en 'n geloofselfstandigheid. Om so fees te vier, beteken dat mens God se genade, sy verlossende optrede akuut moet begryp.

## Self toepas

Die gelowiges moes begryp dat wat God in die verlede verlossend gedoen het, Hy ook nou vir hulle steeds persoonlik doen. Feeste, soos eredienste en

nagmale, gaan nie daaroor dat God slegs in die verlede opgetree het nie. Die Heilige Gees bewerk hierdie persoonlike toepassing in die gelowige se lewe. Daarvoor moet die gelowige gedurig bid. Om werklik te groei in geloofselfstandigheid moet elkeeen dit op homself neem om verlossingsgemotiveerd op te tree.

★★★★★

## DIE VRUGTE VAN MENSEREGTE

### S.J.M.S. Smit

'n Christelike begronding van menseregte kan kwalik sonder gebruik van die Skrif - buite die eie aard en inslag van die Skrif - in die Bybel gevind word. Die konfessies gee geen steun aan die idee van 'n waardige mens met regte nie. Menseregte as mensewerk moet aan die eise van die Skrif en Belydenis getoets word.

### Die wortels van menseregte

Die humanisme en die natuurregteleer het baie prominent in die ontstaan van menseregte gefigureer. Christelike voorstanders van menseregte meen dat God aan die heidene hierdie waarheid geopenbaar het in sy algemene openbaring en dat die Christene eers veel later daarvan moet getuig dat dit ook volgens die norm van Gods geopenbaarde wet, met ander woorde die Skrif, volkome juis is.

### Verkeerd raakgesien

Hierdie openbaringsbegrip is nie in lyn met NGB art. 2 nie, waar bely word dat die Woord-openbaring juis nodig is alvorens die werke-opbenbaring van God raakgesien kan word. Ons glo God openbaar sy wil in sy Woord en sy werke. Die menseregte-kultuur glo God openbaar sy wil in menseregte (mensewerke). Ons moet egter ondersoek instel na wat die menseregte-kultuur verkeerd van God se werke-openbaring raakgesien het. Hulle sien God se eis van liefde tot Hom en liefde tot die naaste verkeerd raak (vgl. Mat 23:34-40; Deut 6:4-5).

### Die wese van menseregte

Die wese van menseregte is dat dit ampsbeoefening moet waarborg. Die wese van menseregte is dat dit individuele menslike gesag moet waarborg. So is daar dan 'n onverbreekbare korrelasie tussen die status van die mens, en die orde waarbinne die wisselwerking tussen die status en die normatiewe beskerming plaasvind. As die orde verander, dan verander die status van die mens, en die nuwe status vereis die waarborg van 'n amp deur die reg.

### Pornografie

'n Skokkende voorbeeld hiervan word gevind as vryheid van spraak die nuwe orde is. Die nuwe status van die mens is dié van 'n vry-mens. Die nuwe "amp" wat gewaarborg word, is onder andere vryheid om te publiseer. En so het die mens die reg om pornografie te besit en te versprei, en die reg word deur menseregte gewaarborg.

### Konstatering van 'n mensereg

Daar is verskeie faktore betrokke by die konstatering van menseregte. 'n Mensereg word gekonstateer as 'n goue middeweg tussen mededingende pole of dit wat volgens 'n demokratiese gemeenskap regverdigbaar is. Verder kan op die basis van vryheid en gelykheid 'n mensereg gekonstateer word, kragtens die redelike aanvaarbaarheid en die universele geldigheid daarvan. Die mens staan in verhouding tot die reg in wat hy wil doen (aksiereg), wat hy reeds het (behouingsreg), wat hy wil hê (ontvangsreg). Die wet van God figureer geensins as ekwilibrium in die formulering en statering van menseregte nie. Die demokratiese mens is die enigste norm.

### Begrensing van menseregte

Die begrensing van 'n mensereg geskied, aldus die grondwet (Wetsontwerp op die grondwet van die Republiek van SA Hfst 3 Art 33(1)) volgens wat in 'n demokratiese gemeenskap aanvaarbaar is. Die vrugte hiervan is dat die mens as outonoom gesien word. Die sonde word makliker toegelaat en die Bybel word ondergeskik gestel aan die rede van die mens. Die wet word omgebuig tot 'n reg. Byvoorbeeld: "jy mag nie doodslaan nie" word omgebuig tot "die mens se reg op lewe" en die gevolglike afskaffing van die doodstraf.

Die mens mag nie besluit wat reg is nie (Joh 18:37-38), en outomaties God se wet relativeer tot 'n fundamentele mensereg nie. So byvoorbeeld, as die meerderheid van 'n gemeenskap vryheid ten opsigte van poliandrie of poligamie as reg beskou, mag die redelike mens dan besluit dat die sewende gebod net die agting van 'n band wat seksueel tot stand gekom het, gebied? Hoe sou mens by die belydenis van die Heidelbergse Kategismus of 1 Kor 7:2 verbykom?

### Beoordeling

Hier word 'n paar verdere voorbeelde genoem om aan te toon dat die grondwet van die Republiek van SA nie aan die eis van God se Woord voldoen nie, veral in die eis dat alle eer aan Hom moet toekom.

Is die reg op gelykheid ten opsigte van geslag, seksuele georiënteerdheid, godsdiens, geloof, ouderdom (om maar 'n paar te noem) te rym met die onderskeid wat God maak tussen gelowiges en ongelowiges? Met ander woorde:

- Mag 'n vrou die amp van ouderling geweier word op grond van haar geslag?

- Mag iemand weier om twee homoseksueles te trou?
- Het 'n christen die reg om aan die Moslem die evangelie van Christus te verkondig?
- Is daar iets soos die reformasie van 'n kultuur?
- Het die mens die reg op lewe, of is God die alleenreg-houer van lewe? En wat van doodstraf en babamoord (oftewel aborsie)?
- Hoe is die reg op vryheid van godsdiens, geloof en opinie te rym met die wet van God? Die teenpool hiervan impliseer immers nie godsdiensvervolging nie.

## Christus onnodig

Die konsekwensie bestaan dat die gangbare norme van 'n demokratiese gemeenskap die noodsaaklikheid van Christus as Verlosser by die mens vervang. Die demokratiese mens maak doodeenvoudig vir hom wette wat maklik onderhoubaar is.

God se wet word deur menseregte as 'n mederolspeler geag. Costa (De Rebus, Des. 1994:918) bepleit dat fundamentele universele menseregte bo die Bybel, Talmud en Koran gestel moet word as dit gaan oor poligamie, homoseksualisme en ander persoonlike (seksuele) verhoudings. Die Christen se insette is dan welkom, vir sover dit die universele menseregte hoër ag as die wet van God.

## Gevolge christelik?

Sou die "kerke en kerkleiers" wat menseregte as christelik aanvaar, bereid wees om ook die konsekwensies van menseregte as christelik te aanvaar? Dit sluit in babamoord (aborsie), ydelike gebruik van die Naam van die Here, pornografie, veelwywery en veelmannery asook sogenaamde homoseksuele huwelike.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Christene baie versigtig moet wees om menseregte voetstoots te aanvaar en te propageer. Menseregte is in stryd met die evangelie van Christus. God beveel ons om dissipels van alle nasies te maak (Mat 28), terwyl menseregte sê dat elkeen die reg op sy eie godsdiens het. Volgens menseregte mag jy iemand nie lastig val met die evangelie nie.

God die Vader het Christus as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee (Ef 1:22). Menseregte sê dat elkeen die vryheid van gewete en godsdiens en keuse het. Mag die kerk onder sulke omstandighede nog die tug toepas?

## Slaag nie toets

In Eks 20:7 beveel God: "Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie". Menseregte sê jy het die reg om te praat, te publiseer en artistiek weer te gee. Moet die Christen maar net sy ore toedruk, en maak asof hy nie hoor nie, as die enigste God wat hemel en aarde gemaak het, gelaster word in boeke en bioskope, onder die voorwendsel dat godslastering funksioneel is? Gemeet aan die kriteria van gehoorsaamheid aan die drie-enige God, geregtigheid volgens die Skrif en dat die owerheid God se dienaar is, jou ten goede, lyk dit nie asof menseregte die toets slaag wat die Skrif en belydenis daaraan stel nie.

Ondanks die pogings deur talle Christene om menseregte Bybels te regverdig, moet ons op grond van die Skrif se oordeel oor menseregte en die heidense wortels en vrugte daarvan tot die slotsom kom dat menseregte die hoofskap van Christus oor die skepping misken. Die outonome mens met sy rede word verhef tot wetmaker in die plek van God. Hiermee word alreeds die eertse en tweede gebod van God oortree. Die verlossing wat in Christus alleen vindbaar is, word vervang deurdat die menseregte sy saligheid verwag van die handves. Menseregte word dus 'n menseregte-kultuur, 'n nuwe godsdiens waarteen niemand iets kan of mag inbring nie. Verder is die totstandkoming van menseregte uit die begeerte van die mens 'n oortreding van die tiende gebod.

## Geen belydenis meer?

Die vrugte van menseregte lei tot legio oortredinge van al die gebooie van God. Menseregte trek 'n streep deur ons belydenis dat daar 'n enige katolieke kerk is wat sy saligheid van Christus verwag (NGB 27). Almal is verplig om by die ware kerk aan te sluit (NGB 28), maar menseregte hef dit op deur vryheid van assosiasie te bepleit. Van die kerk word verwag om alles te verwerp wat in stryd is met God se Woord, en om Christus as enigste Hoof te erken. Hierteenoor duld menseregte nie dat die fundamentele universele regte verwerp word nie. Derhalwe word die aanvaarding al dan nie van menseregte die enigste kriterium vir die "ware kerk".

Menseregte word gestel bo die gesag van Christus. In NGB 22 bely ons dat ons in Jesus Christus alles het wat vir ons saligheid nodig is. Menseregte leer dat Christus onvoldoende vir volle saligheid is. Verder word bely dat die natuur van die mens verderf is en dat sy onderskeiding tussen goed en kwaad net genoeg is om hom alle verontskuldiging te ontneem. Menseregte leer dat die mens nog voldoende kan onderskei tussen goed en kwaad om die reg in God se algemene openbaring raak te sien. In NGB 5 word die gesag van die Heilige Skrif bely, terwyl menseregte die handves van menseregte bo die Bybel stel. Daarom moet menseregte uit die Skrif en belydenis konsekwent negatief beoordeel word.

## Rol van die kerke

Die dilemma ontstaan nou dat ons as Christene nie die enigste regsformuleerders in die staat is nie. Ware Christene maak trouens 'n baie kleiner bevolking uit as die sogenaamde 70% "naam-christene". Dit sal nie lank duur voordat demokrasie in 'n nie-christelike menseregte-kultuur die reformatoriese stem stilgemaak het nie. Die Christen het verskeie opsies: Menseregte kan as uitvloeisel van die grondwet beskou word, wat in geen opsig vir die sondige "rule of law" hoef terug te staan nie. Ons plig sou dan wees om net toe te sien dat Christelike waardes ook daarin verskans kan word. 'n Ander siening is dat

menseregte vir die staat is wat God se wet vir die kerk is. Die twee "ryke" het niks met mekaar te doen of oor mekaar te sê nie. Derdens kan die regstelsel gereformeer word.

## Reformeer

Ons moet vra of menseregte reformeerbaar is. Kan ons dit reformeer terwyl Costa pleit dat "priesters en politici" eerder uit die diskussie moet bly tensy hulle die gesag van menseregte bo dié van die Bybel stel? 'n Minimum moontlikheid sou wees' dat die begrensing van fundamentele regte volgens die wet van God sou wees. Dit blyk heel onwaarskynlik.

Die reg moet eerder gereformeer word. Die refomasie van die reg beteken nie dat ons net die etiek van menseregte moet reformeer nie. Die reg moet reformeer volgens God se Woord en nie volgens die demokratiese gemeenskap se redelike wil nie. Die moontlike heilsbewerkende hoop op menseregte moet afgebreek word. Die owerheid moet op sy roeping voor God gewys word. Die dienaar van God, die mens ten goede, moet die wet van God bedien.

## Mode

Daar is probleme met menseregte op grond van die Skrif en belydenis. Hier is aangetoon dat daar baie voetwerk is wat die teoloë nog nie afgehandel het nie. Die kerke van Christus moet nie oorhaastig op die wa spring net om in die mode te wees nie, en sodoende die geskiedenis van die kerke in die eeue wat kom, radikaal beïnvloed nie.

Menseregte as wêreldgodsdiens is besig om die ware Godsdiens te verdring. In die oorsprong sowel as in die uitvloeisels van menseregte is dit nie versoenbaar met die wet van God nie - en is derhalwe vir die kerk onaanvaarbaar. Om die reg te reformeer onder suiwer verkondiging van die Woord van God, is God se opdrag aan gereformeerde regslui.

*****

# DIE OORDEEL VAN GOD IN DIE PREDIKING

## Ds. C.F. Heiberg

Die oordeel van God is onmisbaar in die prediking van Christus se verbondsgemeente. Eers is dit nuttig om te let op redes (hetsy bewustelik of onbewustelik gehuldig) waarom die oordeel van God in die prediking dikwels agterweë bly en in die kerkgeskiedenis al agterweë gebly het.

## Versoening vir almal

Reeds sedert die vroegste tye in die kerkgeskiedenis is die dwaalleer van die universele versoening in verskillende skakerings gehuldig. Hier dink ons veral aan Origenes, Ergena (9de eeu), sommige anabaptiste in die sestiende eeu, Schleiermacher, Scholten, ensovoorts. Origenes het geleer (op grond van sy neo-platonistiese voorveronderstellings) dat almal, ingeslote die duiwel en sy engele, uiteindelik weer salig sal word.

## Angs- en skuldgevoelens

Sedert die tyd van die "Verligting" en die opkoms van die historiese kritiek in die agtiende eeu beweer talle liberale teoloë dat die Nuwe Testamentiese idees van hemel en hel deel was van die primitiewe wêreldbeeld van daardie tyd. In aansluiting hierby leer baie godsdienshistorici dat 'n geloof in die bestaan van 'n ewige verderf die oorblyfsels is van die projeksie van die primitiewe mens se angs- en skuldgevoelens.

## Eie verkeerde handelinge

Die Duitse teoloog Klaus Koch het met betrekking tot veral die vergeldingsleer van die Ou Testament geleer dat dit in werklikheid nie God self is wat straf of vergeld nie, maar dat dit wat die mens as straf ervaar, die blote gevolge is van sy eie verkeerde handelinge. 'n Soortgelyke dwaalleer is onlangs nog in Beeld se kolom "godsdiens aktueel" deur 'n ene prof. Christina Landman van Unisa gepropageer. Landman beweer dat dit bygeloof is om te dink dat God mense straf. Die bekende Britse Nuwe Testamentikus C.H. Dodd het geleer dat "the wrath of God should be understood as an impersonal process of retribution in human history rather than the divine reaction to the sin of humankind (Evangelical Dictionary of Theology, red. Elwell, p.327). Die implikasie van Koch en Dodd se dwaalleer op ons verstaan van Christus se soenoffer is duidelik.

## Vagevuur

Die Roomse dogma van die vagevuur en die daarmee gepaardgaande praktyke soos die aflaatstelsel ensovoorts het deur die eeue heen die finaliteit van die oordeel ernstig gerelativeer (vgl. Heb 9:27).

## Karl Barth

Baie meer bekend en aanvaarbaar vir die hoofstroom predikante van ons tyd is die "triomf van die genade" by Karl Barth en sy volgelinge. Om ná Christus nog van God se oordeel te spreek, kom neer op 'n verloëning van die Evangelie. Sondaars moet kennis neem dat hulle salig is en word nie opgeroep om van die komende oordeel te vlug nie want in Christus is die mensdom klaar geoordeel. Alhoewel Barth nêrens eksplisiet 'n alversoeningsleer gehuldig het nie, is die triomf van die genade so groot dat die oordeel van God na Paasfees en Pinkster byna totaal uit die oog verdwyn.

## Hou mense uit die kerk

Die pragmatistiese nadruk op sukses in evangelisasie lei by baie (in veral sommige Evangeliese kringe) daartoe dat die Bybelse spreke oor die oordeel van God uiters spaarsamig aan die orde kom. Die basklanke van sonde en oordeel sal mense uit die kerke hou. Ons moet eerder aansluit by die "felt need" van die mense: "Voel jy eensaam en leeg? Het jy ernstige huweliksprobleme?"

## Uitwis

In die finale oordeel - wat wel vir ongelowiges afgryslik gaan wees - word hulle, die duiwel en die hel uiteindelik totaal vernietig of uitgewis (annihilate). Geen ewige verdoemenis nie. Dít is wat min of meer deur resente behoudende teoloë soos Philip Hughes en John Stott geleer word.

## God is liefde

"God is wesenlik liefde. Sy oordeel is nie 'n wesenseienskap van Hom nie. Hy is liefde, maar Hy word kwaad. Ons leef vanuit die kennis van sy liefde en goedheid en nie vanuit die kennis van sy oordele nie". Alhoewel hierdie woorde baie waarheid bevat, lei dit tot 'n verwaarlosing van die oordeel in die prediking.

## Net 'n waarskuwing

In sy tweede deel oor Christus se wederkoms voer G.C. Berkouwer aan dat Christus en die apostels se spreke oor die oordeel 'n waarskuwende funksie gehad het, en dat dit nie soseer om die oordeel self gegaan het nie.

## Waarheidskommissie

Die ironie van dit alles is dat seker elkeen van die teoloë wat ernstige probleme het met die oordeel van God in die prediking, na die tweede wêreldoorlog sou wou sien dat die Nazi-oorlogsmisdadigers aan die pen ry. En in Suid-Afrika moet daar 'n "waarheidskommissie" wees. Die "crimes against humanity" mag nie oorgesien word nie, al neem dit dekades om iemand voor die regter te kry. Maar God mag nie straf nie.

## Inkonsekwentheid

Ons mag geregtigheid eis in ons land, al is dit 'n uiters selektiewe geregtigheid (veral in Suid-Afrika vandag). Maar God mag nie geregtigheid op sy aarde eis nie. As ons straf, is dit nie in stryd met liefde nie. As God straf, kan Hy nie 'n God van liefde wees nie. Vir 'n slap regering het niemad respek nie, maar die Koning van alle konings hoef nie te wys Hy is ernstig oor sy Woord nie. Waarom hierdie inkonsekwentheid? Net een rede: Dat ander straf verdien is nog in te sien, maar dat ek self dit verdien - en dit van God - nooit!

Iemand soos die Britse filosoof Bertrand Russell is daarom baie meer geloofwaardig en konsekwent as hy Christus se herhaalde spreke oor oordeel en hel in die Evangelies aanvoer as een van die redes waarom hy 'n ateïs is ... omdat 'n God van liefde volgens hom nie so durf praat nie.

## Grootste ramp

Tereg sê prof. Trimp (in Klank en Weerklank): As God nie meer sy eie gebooie ernstig opneem nie, sal dit die grootste ramp vir die skepping wees. Hy sal Homself nie kan handhaaf teen ons opstand nie. Wie wil nog in so 'n god glo?

Ons moet egter nie die fout maak om te dink dat die verwaarlosing en verswyging van die oordeel van God alleen in vrysinnige of minder gereformeerde kringe kan voorkom nie. Ook onder gereformeerdes gebeur dit meer dikwels as wat 'n mens sou wou erken. Teoreties bely gereformeerdes dat God se tydige en ewige oordeel as inherente deel van sy openbaring in die lewe en prediking van die kerk sy regmatige plek moet kry.

## Liefde nie bevraagteken

Tog gebeur dit maklik dat die basklanke van sonde en gerig byna ongemerk kan vervaag totdat dit later heeltemal vreemd en "ongereformeerd" klink as 'n leraar opstaan en dit waag om hierdie swaar klawers te druk. Dan word Hy gou as die negatiewe, ouderwetse of selfs wettiese dominee beskou. En die mens se oor is 'n snaakse ding. As dit eers "uit" geraak het, stel dit nie weer so maklik "in" nie. Boonop het ons almal 'n sondige natuur wat soos klein Jannie eerder die rys en vleis wil eet as die kool en pampoen. Vandaar dat ek nog nie van een enkele Skrifkritiese teoloog gehoor het wat twyfel oproep oor die egtheid en geldigheid van uitsprake in die Skrif oor God se liefde nie. Wie kla nou oor die roomys!

## Oorsake vir verwaarlosing

Ek noem enkele moontlike onderliggende of aanleidende oorsake vir die verwaarlosing van die oordeel van God in die gereformeerde prediking:
In sommige sogenaamde "verbondskringe" (onder andere ook in die N.G. Kerk) bestaan die gedagte dat ons nie God se oordeel aan sy verbondsgemeente mag voorhou nie, dat dit selfs 'n beletsel op die evangelie is. Dit is die soort evangelie wat aan alle kerkgangers, ongekwalifiseerd, verkondig dat "Christus alles vir julle gedoen het en julle niks hoef te doen nie, maar net sy vryspraak moet aanvaar". Alistair McGrath noem dit tereg 'n "skokkende" misverstand oor die aard en die inhoud van die versoening aan die kruis. Vandaar dat die keuse vir Christus, die bekering en die konkrete gehoorsaamheid aan die Woord in hierdie "verbondskringe" so ongewild is. Danksy veral prof. Schilder se werk was die Vrymaking van meet af aan wakker vir hierdie subtiele dwaling.

## Verbondsoutomatisme

'n Verbondsoutomatisme wil die verbondsbeloftes sommer op een voet stel met geloof in daardie beloftes. Asof almal wat die beloftes ontvang het, ook gelowiges is! Met ander woorde, te min sig op die noodsaaklike aspek van die toe-eïening van die heil. En wat is geloof anders as om te vlug van die oordeel van God na Jesus Christus, wat in die doop aan jou beloof is?

## Geen selfondersoek

Vanweë 'n oorreaksie teen gereformeerde skolastiek en die bevindelikes is daar 'n te groot verwaarlosing van prediking wat roep tot gesonde en noodsaaklike selfondersoek in die lig van die Skrif (en die laaste oordeel). Die prediking stel alleen maar die objektiewe heilsfeite. Van 'n subjektiewe appèl soos byvoorbeeld in Mat.7:21-27 en Johannes se eerste sendbrief kom min tereg. Met ander woorde, as iemand maar sê dat hy glo, is die saak daarmee afgehandel.

## Nie net verstandelike instemming

'n Volgende oorsaak hang saam met laasgenoemde en raak ook die aspek van heilsekerheid aan. Die Dordtse Leerreëls leer dat die uitverkorenes se sekerheid van hulle uitverkiesing onder andere spruit uit die waarneming van die "onfeilbare vrugte van die uitverkiesing soos in die Woord van God aangewys", naamlik "'n ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die honger en dors na die geregtigheid ..." (DL, hoofstuk 1, par 2). Hierteenoor bestaan die idee onder sommige gereformeerdes dat ons heilsekerheid uitsluitlik rus op 'n verstandelike instemming tot die leer van die verlossing. So asof die instemming tot die raad van die dokter die pasiënt sal genees.

Diegene wat so oor die heilsekerheid dink, reken dan boonop dat hulle daardeur die leer van die regverdiging deur geloof alleen beskerm, terwyl hulle in werklikheid die antimonisme (anti-wetlikheid, WED) bevorder.

## Wedergeboorte

Iets wat ook bydra tot 'n valse heilsekerheid is die siening (weereens teenoor die Dordtse Leerreëls, hoofstuk 3/4 par 11-12) dat die wedergeboorte 'n lewenslange proses is, wat min of meer in alle kerklidmate se onbewuste plaasvind, sonder dat die definitiewe vrugte sigbaar word (vgl weer DL. 1:12). "Solank die broer maar kerk toe kom en nie onverskillig lewe nie". Verdere vrae is oorbodig, eintlik lastig. Met ander woorde, niemand is wedergebore nie. Almal is in 'n staat van wedergeboorte. Die wedergeboorte is losgemaak van sy belangrikste Skriftuurlike fondament naamlik Eseg. 36:25-27, (Vgl. Jer.31:33, die ganse Johannes kopus, Efes. 2:1-10, Jak. 1:18, 1 Pet. 1:22-2:3 ens.).

Daar is dikwels te weinig sig op die sentrale Pauliniese gedagte dat elkeen by die wederkoms voor die regterstoel van Christus sal verskyn om verantwoording te doen van sy of haar lewe (Rom.14:10, 1 Kor 5:10).

## Vrees vir mense

Maar miskien is die mees algeneme rede waarom ons leraars dikwels wegskram van God se oordeel in die prediking, terwyl ons gewetens ons juis daartoe oproep, ons diepgewortelde en inherente vrees vir mense. Dit word nog veel erger as jy miskien saam met 'n kerkraad werk, wat ten alle koste die rus en vrede in die gemeente wil bewaar en alle kontroversie wil vermy. Dan is die Skrif reeds aan die muur vir 'n gemeente. Daarom is 'n mens dankbaar vir 'n kerkraad wat jou oproep om jou profetiese plig nie te versuim nie. Die enigste antwoord vir 'n vreesagtige leraar is die gebed om die vervulling met die Heilige Gees. Luister wat sê Miga: "Ek daarenteen is vol krag, met die Gees van die Here, en reg en heldemoed, om aan Jakob sy oortreding te verkondig en aan Israel sy sonde" (Miga 3:8).

John Knox is op sy begrafnis genoem: "The man who feared no human being". Maar hy was ook die man wat oor en oor gebid het: "O God, give me Scotland or I die". Die waarheid in liefde, ook die waarheid van die oordeel van God in tyd en ewigheid.

(Uit Kompas (5) 2, Februarie 1996)

* * * * *

# DIE POST-MODERNE RAAMWERK

## Kommentaar deur A.L.A. Buys op die boek van Prof. D.F. Wells, 'God in the wasteland - the reality of truth in a world of fading dreams'.

(Wells doseer sistematiese teologie by die Gordon-Conwell Teologiese skool in South-Hamilton. Hierdie kommentaar en opsomming van Wells se vernaamste standpunte volg op die resensie van sy boek in die Junie-uitgawe van Waarheid en Dwaling.)

## Die wêreld

Daar is vandag basies twee opponerende denkstrome in die Weste aangaande die begrip "wêreld". Ten eerste is daar diegene wat hulle siening verskraal het tot alleenlik dit wat natuurlik is. Die ander stroom behoort tot die groep wie se verstaan van die natuurlike binne die raamwerk van die bo-natuurlike is. Die eerste neem niks in behalwe wat die sintuie bymekaar kan maak nie; die ander laat toe dat inligting bekom word deur die transendente werklikheid. Die eerste verheerlik onoordeelkundig verskeidenheid; die ander wil die verskeidenheid van die lewe verstaan vanuit die eenheid. Die een kan nie

verder vorder as intuïsie nie; die ander dring tot waarheid deur. Die een veronderstel dat alles verander en dat verandering die enigste konstante is; die ander meet die veranderende dinge aan die standaard van dinge wat nooit verander nie. Die een kyk net na die skuiwende inhoud van die menslike bewussyn, wat van een individu tot 'n ander verskil; die ander hou die indivuduele gewete (bewussyn) vergelykend teen die groter betekenis wat gewortel is in die dinge wat gemeenskaplik is aan alle mense. Die een erken geen absolute sekerheid nie; die ander weer plaas 'n hoë premie op absolute sekerheid.

## Verligting

Al hierdie verskille kom voort uit die feit dat die een sy perspektief van God ontvang en die ander nie. Hierdie stel keuses is vandag maar vaal en ongekwalifiseerd aangesien die "Verligting" in die 1960's inmekaar gestort het. Die veronderstelling onder die "Verligting"-voorstanders - dat betekenis en moraliteit ontdek kan word slegs binne die grense van die natuurlike rede en sonder enige verwysing na God - het selfs in ons sekulêre tyd nog meer betekenisloos geword. Hulle naïwe geloof in vooruitgang is getorpedeer deur die brutaliteit en baie frustrasies van die twintigste eeu. En hulle geloof dat kennis altyd goed is, dat kennis saligmakend is, is geloën deur hulle eie diep vrese aangaande wetenskaplike en tegnologiese prestasies, waarvan baie net so maklik tot nadeel van die mens as tot sy voordeel gebruik kan word. Teen die einde van die sestigs het die modernisme sy Verligte siel verloor. Dit is die rede waarom post-modernisme in die 1970's begin kop uitsteek het.

Norman Cantor beredeneer (in sy boek Twentieth Century Culture) dat in die besonder drie ontwikkelings tot die geboorte van nihilisme (verwerping van alle stelsels, w.e.d.) aanleiding gegee het in kuns, argitektuur, literatuur, dans, teater en popmusiek.

## Lewe geneties bepaal

Ten eerste was dit die biotegnologie, wat gebou was op die ontdekking in 1953 van die struktuur van DNA. Hierdeur is die idee gevestig dat menslike lewe bepaal word deur onpersoonlike genetiese kodes eerder as persoonlike keuses. Hierdie gedagte het grootliks bygedra tot die ondermyning van die waarde van die mens.

## Rekenaars

Tweedens, het die verstommende vooruitgang in rekenaarwetenskap en tegnologie take oorgeneem wat eens gereken was net deur mense alleen verrig sou kon word.

## Verdwerg deur kommunikasie

Derdens het nuwe kommunikasietegnologie nie net nuus, sport en vermaak van regoor die wêreld in die Amerikaanse sitkamer ingebring nie, maar ook uitgebreide nuwe magte gegee aan multinasionale maarskappye en die laaste oorblyfsels van Marxisme in desperate verwarring gebring. Net soos rekenaartegnologie, het die nuwe kommunikasietegnologie die menslike vermoë grootliks uitgebrei en effektiwiteit verhoog, maar ook die menslike aansien laat krimp. Ons is verdwerg deur ons eie uitvindings en in vele opsigte het ons irrelevant geword teenoor hulle werking. Oor hierdie en baie ander redes het die mens klein begin voel, leeg, nie spesiaal nie en betekenisloos.

## Gevoel van verraad

Hierdie wanhopige draaipunt in die Westerling se selfbeeld het saamgeval met 'n gevoel van verraad by baie van die kinders van die "Verligting". Die outonome, eiehandige rede van die "Verligting" het nie die beloofde bevryding in ons sosiale en politieke lewe gebring nie. Juis die teendeel het gebeur. Dit het die lomp burokratiese samelewing van die Weste voortgebring, massief in sy struktuur en gewig, ongevoelig in sy werking en meerendeels onvriendelik met betrekking tot die mens se welsyn. Post-moderne denkers vorm die voorhoede van 'n grondige reaksie op die mislukking van die "Verligting", en hulle gee uiting aan 'n diepgewortelde agterdog dat modernisme in werklikheid die vyand van die mens is.

"Verligting" het sy betowering bewerk deur christelike motiewe te roof soos "redding", "voorsienigheid" en die "eindtyd" en het dit oorgeskryf in humanistiese terme en op 'n wêreldse manier. Dit het die Christelike deugde vervang met humanistiese sienings van die waarheid, vryheid en geregtigheid, en dit gepropageer as die manier om politieke en sosiale saligheid (geluk) hier en nou te verkry.

## Geloofsaanval

Dit is hierdie belofte van redding wat nou as totaal vals herken word, en in die daaropvolgende wanhoop val die post-moderniste nou alle geloof in oorkoepelende betekenis aan, alle geloof in transendente orde en waarde. Modernisme het dus sy eie intellektuele oorwinnaars, die post-moderniste, voortgebring. Hulle ontledig die hoop van die modernisme terwyl die strukture van modernisme soos verstedeliking, kapitalisme, tegnologie, telekommunikasie in hulle plek gelaat word. In der waarheid kom 'n weergawe van moderniteit na vore, maar beroof van sy geloof, en in radeloosheid versink.

Aan die een kant het die post-moderne skrywers die christelike kritiek op die moderniteit makliker gemaak. Aan die ander kant het die venynige aanval van post-modernici nie alleen die "Verligting" nie, maar ook die volle betekenis van die christelike geloof minder aanneemlik gemaak in die moderne wêreld.

## Geen grense meer

Onder die post-moderne aanslag het alle grense en onderskeidings gou geval. Sommige van die verliese

wat met die ineenstorting van tradisionele onderskeiding gepaard gegaan het, was onbeduidend, maar ander was geweldig groot, en daar blyk geen manier te wees om binne post-moderne konteks tussen die twee te onderskei nie.
Mense het naderhand nie meer geweet waar om die streep te trek nie. Vroulike filmsterre (soos Linda Hamilton) doen selfs liggaamsbou en dra outomatiese wapens, soos in die rolprent "Terminator" blyk, en met die hulp van plastiese chirurge lyk Michael Jackson al hoe meer soos sy suster. Ons rekenaars begin met ons praat terwyl ons bure weer meer verwyderd en onbekend word. 'n Advertensie vir 'n motor maak asof die kar 'n hart, 'n siel en bewussyn het terwyl die nuwe eugenetici al hoe meer beweer dat mense - veral die randgevalle soos die ongeborenes en die bejaardes - nie harte en siele het wat die moeite werd is om jou oor te bekommer nie.

## Madonna

Niemand in hierdie massa-kultuur het seker meer effektief die verval van grense raakgesien en uitgebuit as die popster Madonna nie. Sy het 'n loopbaan daarvan gemaak om die grense heen en weer oor te steek. Sy is die kragtige maagd-slet, sy is by tye beide gesofistikeerd en vulgêr, kwesbaar en koëlbestand, verleidelik en preuts. Sy is in vele opsigte die perfekte verpersoonliking van die post-moderne realiteit: sensasie sonder substansie, beweging sonder doel, 'n selfgemaakte persoonlikheid wat onophoudelik verander ter wille van sigself. In haar wêreld is alles oop en vloeibaar.

## Geen onderskeid

Alle grense en taboe's is weg. Alles is moontlik. In die afwesigheid van geloof in die transendente is daar geen betekenis-strukture buiten dié wat uitsluitlik gebaseer is op persoonlike voorkeure nie. Op hierdie terrein het onderskeid tussen reg en verkeerd, goed en sleg, ordentlik en vulgêr nie alleen verval nie maar het dit irrelevant geword.

## Pop-video

Die stempel wat die post-modernisme afdruk op die populêre kultuur is ook duidelik te sien uit die bedryf van popmusiekvideos op kabeltelevisie. Dit is ten eerste duidelik uit die struktuur van die video's dat daar wegbeweeg is van die tradisionele manier van filmmaak. Alle pogings tot betekenisvolle vertelling word oorboord gegooi ter wille van flitsende fragmente en selfs surrealistiese beelde. Die artistieke doel van popvideo's is nie 'n beredeneerde betoog nie, maar 'n emosionele reaksie, 'n reaksie op gevoelswaarde, wat uiteindelik sy weg vind as populêre kultuur.
Ann Kaplan (in haar boek "Rocking around the clock") sê dat dit 'n soort hipnotiese beswyming ontlok, waarin die toeskouer gespanne in 'n toestand van onbevredigde begeerte gehou word, maar altyd onder die illusie verkeer van onmiddelike bevrediging deur een of ander iets aan te skaf. Die begeertes wat meestal bevredig moet word, is dié vir liefde, seks, vryheid en geweld. Natuurlik is die video nie baie suksesvol om hierdie begeertes te bevredig nie, maar die video's roer 'n belangrike snaar in die harte van die mense wat daarna wil kyk. Die waarheid is dat baie van die kykers (van MTV) ook uit gebroke werklikhede kom. Hulle eie geskiedenis is dikwels ook nie meer as verbygaande en los ervarings nie. Die video vang vas hoe die mens sy eie leefwêreld ervaar. Dit is 'n geval van kuns wat die lewe naboots.

## Bemark bevrediging

Tipies van die post-moderne impuls is dat die inhoud van die video's vlak en leeg en sonder enige morele struktuur is. Die onderskeid tussen goed en sleg is vervang met die onderskeid tussen "die wat het" en die mense "wat nie het nie". Die kabel-TV se programuitsendings is uit-en-uit kommersieël en verbruikersgerig. Dit bemark nie alleen 'n eindelose stroom verbruikersgoedere nie maar ook beelde, style, gedrag en beloftes. Dit bemark bevrediging. Dit voed die basiese honger vir sensasie, mag, en 'n gevoel van innerlike heelheid - deur die gedelegeerde bevrediging van die popsterre. As 'n popster sy sin kry, kry die kyker syne as sekundus. Die nuwe generasie teer op die hebsug van die ouer generasie. Dis die ou deuntjie: "om te bestaan is om te besit", getoonset met nuwe musiek.

## Nie skadeloos

Die meer heftige vorms van die post-modernisme, die wêreldse mensgesentreerdheid, is maklik om raak te sien in die karikatuuragtige omgewing van die massamedia, maar daar is subtieler vorms wat baie gevaarlik is, juis omdat dit op die oppervlak so skadeloos voorkom. Ons samelewing werk op die basis van 'n paar onbewuste geloofsoortuiginge en veronderstellings wat ons werklikheidsvisie beïnvloed.

## Kapitalisme

Om maar een voorbeeld te noem: die kapitalisme wat nou hoogty vier in die Weste, het 'n hele paar latente veronderstellings aangaande die lewe. Dit het 'n rasionalisasie van die lewe tot gevolg wat uit-en-uit wêrelds in sy uitgangspunt is. Kapitalisme is die manier waarop die ekonomiese middel en doel op die mees effektiewe manier verbind word. Dit vereis vryheid van beweging en private eiendomsreg, asook dat markte deur die wet van vraag en aanbod beheer word. Hierdie wet word as onoortreebaar beskou - nie omdat dit geanker is in een of ander etiese sisteem nie, maar omdat dit geblyk het die effektiefste te wees. Dit is 'n self-insluitende en wêreldse sisteem; die etiek word geheel en al bepaal deur kompetisie aan die een kant en anonimiteit en burokratiese strukture aan die ander kant. Dit is wat Max Weber 'n "ysterkou" noem.
Om deel te neem aan die produktiewe sy van kapitalisme is nie per definisie verkeerd nie, maar om die hele lewe vanuit hierdie "ysterkou" te beskou en om die lewe te beoordeel slegs in terme van produkte en dienste gelewer, om aan te neem dat alles in die lewe vatbaar is vir kapitalistiese tegnieke en om

effektiwiteit as die hoogste norm te neem, is om só mensgesentreerd te word - wêrelds in die Bybelse sin van die woord.

## Kerk bemark

Meer nog, diegene wat in hierdie wêreldsheid verval het, is nie geneig om te besef dat hulle dit doen nie. Die kapitalistiese manier van doen is so tweede natuur by hulle dat hulle nie 'n oog daaroor sal knip nie. En aangesien kapitalisme so buitengewoon suksesvol was, sal 'n persoon wat effektiwiteit as hoogste norm aanvaar het, beswaarlik enige grond vir beswaar hê teen die tegnieke. In der waarheid is die mense geneig om dieselfde ekonomiese tegnieke toe te pas op terreine wat buite die ekonomiese sfeer val. Dit is die mense wat die kerk wil bemark sonder dat hulle agterkom hoe geheel-en-al wêrelds so 'n onderneming geword het. 'n Gefasineerdheid daarmee om dadelik sukses te kan meet, staan eintlik in die weg van ernstige analise om te sien wat werklik besig is om te gebeur.

## Werklikheid miskyk

Die mensgesentreerde uitgangspunt verlei die post-moderne sondaars sodat hulle 'n belangrike deel van die werklikheid miskyk. Die beperkte kognitiewe rigtingwysers van sodanige individue verdraai hulle morele persepsies. Hulle het, soos Johannes dit stel, slawe van die wêreld geword. Hulle het die duisternis liefgekry. Vir dié wat vasgevang is deur die duistenis en geneig is om sy bespreking van die "wêreld" af te maak as willekeurige raad, is die manier waarop hy sy brief afsluit, baie gepas: "My kinders, vlug vir die afgode" (1 Joh 5:21).

★★★★★

## Resensie:

## SOEKLIG - Fokus op 2 Petrus. 'n Bybelleesgids vir jongmense.

### Dr. Douw Breed, Februarie 1996, p 43

### Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke, Posbus 20004 Noordbrug, Potchefstroom, 2522

Die boekie is deel van die Soeklig-reeks wat oor die laaste paar jaar verskyn het. Die opset van die boek is kort dagstukkies. By elke dag word 'n paar verse oorsigtelik aan die hand van 'n hoofgedagte bespreek. Die insig-bespreking word dan gedoen, waarna enkele vrae onder die opskrif "uitsig" gevra word.

## Gids vir jongmense

Die skrywer is deeglik onderlê in die Godsopenbaring van die tweede brief van Petrus. Dit is ook die besondere sterkpunt van die bybelstudiegids dat die deurlopende vraag is: wat leer ek meer van God se openbaring in Christus? Alhoewel die skrywer sterk klem lê op aktuele sake, veral waarmee jongmense hededaags te doen het, verval hy geensins in syspore of moralisme nie. Die hele uitleg is baie logies en volg sinvol op mekaar. Soos in die voorwoord gesê, wil die boek geensins 'n uitgebreide kommentaar in detail van die Petrus-brief gee nie, maar eerder dien as 'n hulpmiddel vir persoonlike of groepshuisgodsdiens. Hierin slaag die boek uitstekend.

Daar word ook op talle plekke na die belydenisskrifte verwys. Dit is organies gedoen en dit help om die waarheid deur te gee dat die belydenisskrifte uit die Woord voortkom. Die Skrif-met-Skrif vergelykings wat aangegee word, is ook nuttig om uit die ryker Godsopenbaring te put.

Alhoewel mens verstaan dat die boekie 'n gids wil wees en dus nie te lang besprekings wil gee nie, is dit jammer dat dit tog te kompak word. Hier kan mens die uitleg van 2 Pet 5-7 (dagstuk 6) en 2 Pet 2:11-16 (dagstuk 13) as voorbeelde neem. Hier word onder andere 'n lys gegee van deugde wat die gelowige by sy geloof moet voeg. Die deugde word almal kernagtig in 'n sin of twee bespreek, terwyl dit heeltemal regverdig sou wees om aan elke deug 'n dagstuk, met sy eie ontdekkende vrae, af te staan.

## Persoonlike geloof

Breed se taalgebruik is vars en op die man af. Twee voorbeelde hiervan is opskrifte soos: "Christus, die apostels en ek" en "Wanneer jy geestelik lomerig geraak het". Dit help baie dat Breed die hoofgedagtes in kort, onthoubare frases saamvat. Met uitsondering van 'n paar dagstukke word dit in die eertse persoon gestel, wat meehelp om die klem op persoonlike geloofsverbinding te vestig. Die hele boekie is op leservriendelikheid ingestel.

Die boekie vertoon nie net goed nie, dit getuig van stewige en diep eksegese. Dit is uiters Skrifgetrou gedoen en is geensins ingestel op grootdoenerige mooipraat nie, maar is gerig om die Woord self te laat spreek. Hierdie boekie laat jou dink en lei mens in in die diep rykdomme van die Skrif. Die vrae aan die einde van elke dagstuk rus op die Godsopenbaring en wil by die leser verdere geloofsgroei stimuleer. Wat ook sterk klem kry, is die werking van die Heilige Gees in hierdie hele proses.

"Soeklig - Fokus op 2 Petrus" word baie sterk aanbeveel, nie net vir jongmense nie, maar vir alle gelowiges wat behoefte aan vaste kos het. Die hoop kan net uitgespreek word dat Breed hierdie werk opvolg met 'n gedetailleerde kommentaar op 2 Petrus.

★★★★★

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........

Adres: ..........

..........

..........

Poskode: ..........

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..........

Datum: .......... Handtekening: ..........

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS